.MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

6 January 2010

Veroordeel plaasmoorde, pleit CDA by regering
Die Christen-Demokratiese Alliansie CDA het die arrestasie van ‘n verdagte in verband met die jongste plaasmoorde verwelkom, en die polisie geluk gewens.

“Ons pleit by die regering om die probleem van plaasmoorde as iets buitengewoons vierkantig in die oë te kyk en deurgaans skerp te veroordeel. “

So vra die leier van die Christen-Demokratiese party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christelike Demokratiese Alliansie (CDA), ds. Theunis Botha. Hy het gereageer op waarskynlik vanjaar se eerste plaasmoorde in Suid-Afrika, dié op ‘n ouerige egpaar op hul Vrystaatse plaas. Hulle was die sieklike 63-jarige mnr. Koos van Zyl en sy 66-jarige vrou, Retha. “Die toneel is deur paramedici as ‘n slagting beskryf,” sê Botha.

“Hoeveel sulke gevalle nóg voor die regering sy plig nakom en die boodskap duidelik maak dat so iets nie in orde is nie?
“Daar is niks normaal aan as die moordsyfer onder boere en hul gesinslede bykans drie keer die Suid-Afrikaanse moordnorm is, wat reeds onder die hoogste ter wêreld tel nie, en persentasiegewys vergelykbaar is met ongevalle in Chinese steenkoolmyne en meer as Britse ongevalle in die oorlog in Afganistan is nie.

“Ons spreek ons innige medelye teenoor die naasbestaandes uit.”

Condemn farm murders, CDA pleads with government
The Christian Democratic Alliance (CDA) welcomed the arrest of the suspect of farm murders, and congratulated the SAPS.

“We plead with the South African government to acknowledge farm murders for the problem they are, and to constantly condemn them.”

This plea comes from Christian Democratic Party (CDP) leader and acting chair of the Christian Democratic alliance (CDA), Rev. Theunis Botha. He reacted to what were probably the first farm murders this year in South Africa, the slaughtering according to rescue workers, of an elderly couple on the Free State farm. They were the 65 year old Koos van Zyl who was in frail health and his 66 years old wife, Retha.

“How many more such cases before government take up its responsibility and condemn these actions to make it quite clear that this is simply not acceptable? There simply is nothing normal to a murder rate for farmers and their family members approximately three times higher than the country’s average norm, which already earned the country the status of the world’s murder capital. The rate compares, percentage wise, with the death rate of Chinese coal mine workers and is much higher than the rate of British soldiers killed in the Afghan war.”

“We express our sincerest sympathy with the next of kin.”